

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2019**

**RELIGIESTUDIES V1  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 150**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

---

**AFDELING A****VRAAG 1**

- |     |        |  |     |
|-----|--------|--|-----|
| 1.1 | 1.1.1  | <b>C</b> – Om eenheid tussen kerke te bevorder   | (1) |
|     | 1.1.2  | <b>D</b> – Die handeling om diep respek te toon, byvoorbeeld aan voorvaders in die Afrika Tradisionele Godsdiens | (1) |
|     | 1.1.3  | <b>B</b> – Iemand wat ander help om Nirvana te bereik  | (1) |
|     | 1.1.4  | <b>C</b> – 'n Diep en plegtige ooreenkoms  | (1) |
|     | 1.1.5  | <b>D</b> – Beswyming   | (1) |
|     | 1.1.6  | <b>C</b> – Nie-teïsme  | (1) |
|     | 1.1.7  | <b>C</b> – Grieks  | (1) |
|     | 1.1.8  | <b>A</b> – Reïnkarnasie  | (1) |
|     | 1.1.9  | <b>B</b> – Andere se opinies wat van hom/haar verskil, aanvaar   | (1) |
|     | 1.1.10 | <b>A</b> – Tao-te-Ching  | (1) |
| 1.2 | 1.2.1  | <b>F</b> – Pluralisme  | (1) |
|     | 1.2.2  | <b>G</b> – Haifa   | (1) |
|     | 1.2.3  | <b>D</b> – Sinkretisme   | (1) |
|     | 1.2.4  | <b>B</b> – Taoïsme   | (1) |
|     | 1.2.5  | <b>E</b> – Ritueel   | (1) |
| 1.3 | 1.3.1  | Die Bahá'í -geloof   | (1) |
|     | 1.3.2  | Soefisme   | (1) |
|     | 1.3.3  | Kitáb-i-Aqdas  | (1) |
|     | 1.3.4  | Mitzvot  | (1) |
|     | 1.3.5  | Judaïsme   | (1) |

- 1.4 1.4.1 Goddelikheid - Hierdie konsep verwys ook na 'n goddelike wese of 'n Opperwese.  
Dit beteken ook 'soos god'. (2)
- 1.4.2 Vergelykbaarheid – Beteken die vermoë om twee dinge te vergelyk, bv. om twee godsdienste te vergelyk.  
Vergelyking kan óf eksplisiet óf implisiet wees. (2)
- 1.4.3 Uniekheid – Uniekheid is die kwaliteit van uniek of eiesoortig wees.  
In Religiestudies beteken dit dat elke godsdiens uniek of merkwaardig is. (2)
- 1.4.4 Allegorie – Is baie soos gelykenisse.  
Dis 'n storie wat vertel word met die doel om 'n beginsel te illustreer.  
Dit beklemtoon gewoonlik net een enkele punt. (2)
- 1.4.5 Fundamentalisme – Fundamentalisme is 'n selektiewe interpretasie van godsdienstige leringe.  
Dit is ook 'n konserwatiewe / letterlike vermenging van uitgesoekte elemente van die moderne samelewing, met die doel om die belange van 'n sekere godsdienstige groep binne 'n godsdiens te bevorder.  
Fundamentaliste is teen verandering. (2)
- 1.5 1.5.1 **ONWAAR** – Die Boeddha was 'n verligte mens. (2)
- 1.5.2 **ONWAAR** – Konserwatiewe Jode glo dat die Tora deur God gegee is. (2)
- 1.5.3 **ONWAAR** – Die Kruistogte was 'n reeks Christen-oorloë teen hoofsaaklik Moslem-gebiede. (2)
- 1.5.4 **WAAR** (2)
- 1.5.5 **ONWAAR** – Icamagu is die Suid-Afrikaanse nasionale godsdienstige struktuur van die Afrika Tradisioneel Godsdiens / ilima is die praktyk om armes by te staan. (2)
- 1.6 1.6.1 Al hierdie godsdienste glo in slegs EEN God. (1)
- 1.6.2
- Dit versterk die gelowige se geloof.
  - Dit identifiseer die godsdiens tussen ander godsdienste.
  - Dit help die gelowige op sy of haar lewensreis.
  - Dit help die gelowiges om te verduidelik waarom hulle die spesifieke godsdiens gekies het. (4)

- 1.6.3
- Die voorvaders speel 'n intermediêre rol tussen God en die lewendiges.
  - Hulle is in geestelike vorm en kan orals gevind word.
  - Die voorvaders is die boodskappers van die Skepper, toesighouers van die fisiese wêreld.
  - Die voorvaders sorg vir die welstand van die lewendes, hoofsaaklik deur die ouer garde.
  - Hulle leer die jeug verbaal en deur rituele.
  - Help met die oordra van tradisie (godsdienst) van een geslag na die volgende.
  - Hulle onthul hulself aan die lewendes deur drome en visioene.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(Enige 4 x 1) (4)

- 1.6.4 Die Vedas  
Die Bhagavad Gita (1)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B****VRAAG 2****2.1 2.1.1 OOSTERSE GODSDIENS (Voorbeeld 1)**Hindoeïsme

- Die rol van die Hindoe godsdienstige leringe is om te verseker dat die volgelinge verstaan dat Hindoeïsme 'n ewige godsdienst is.
- Die rol is ook om te verseker dat die volgelinge die fundamentele aspekte van die geestelike lewe realiseer.
- Dit sluit in kennis van die aard van God, die siel, die verhouding tussen God en die siele.
- Die belangrikste is metodes waardeur die siel God kan bereik.
- Hoe die siel ewige vrede kan bereik.

**MIDDE-OOSTERSE GODSDIENS (Voorbeeld 2)**Christelike godsdienst

- In die Christelike godsdienst is daar doktrines van redding.
- Hulle glo in die Drie-Eenheid.
- Hulle glo in die einde van die wêreld.
- In die gereformeerde Christenskap, is groepe geformaliseer en sistematiese leringe is uiters belangrik.
- In charismatiese groepe is leringe minder belangrik.

(10)

**2.1.2 OOREENKOMSTE  
HINDOEÏSME en BOEDDDHISME**

- Beide godsdienste glo in reïnkarnasie.
- Beide het heilige skrifte.
- Beide godsdienste doen rituele.
- Spesiale heilige dae word deur beide godsdienste beoefen.
- Beide godsdienste het in Indië ontstaan.

(10)

- 2.2 2.2.1
- Christene glo dat jy jou medemens moet liefhê soos jouself.
  - Hierdie lering moedig volgelinge aan om mense gelyk te behandel.
  - Jy mag nie dood maak nie.
  - Hierdie lering verwys na die heiligheid van die menslike lewe.

(6)

- 2.2.2
- Respek is een van die basiese leringe van die Bahá'i-geloof.
  - Dit is 'n absoluut belangrike beginsel.
  - Die Bahá'i -geloof leer dat vroue met respek behandel moet word.
  - Vroue se waardigheid moet beskerm word.
  - Kinders moet geleer word om grootmense te gehoorsaam.

(6)

- 2.2.3
- Die konsep van LIEFDE in die Afrika Tradisionele Godsdiens word uitgebeeld in die konsep van Ubuntu.
  - Ubuntu is 'n Afrika-filosofie van respek en empatie vir mense.
  - Ubuntu beteken 'n mens is 'n mens deur ander mense.
  - Die beginsels van Ubuntu moedig volgelinge aan om behulpzaam te wees in hul gemeenskap.
  - Die beginsel van ilima is een waar die gemeenskap hulp gee aan diegene wat minderbevoorreg is. (6)
- 2.3 2.3.1 Liefde is die Goue Reël in die Christelike godsdiens.
- God is liefde.
  - God is lief vir alle mense, veral die kwesbares.
  - Dit is 'n universele etiese reël.
  - Dit is 'n reël wat gevind word in byna alle godsdienste en ander etiese sisteme. (4)
- 2.3.2 Die clan is die basiese struktuur in die Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Dit word van elke individu verwag om sy of haar stamboom te ken, omdat dit hul verwysingsraamwerk is en die basis van hul identiteit.
  - Die clan bestaan uit beide die vaderlike en die moederlike geslag.
  - Die clan lê die fondasie vir die manier hoe mense aanbid en hoe mense met mekaar moet omgaan. (4)
- 2.3.3 Jihad is 'n Arabiese woord wat beteken 'om te streef, om jouself op iets toe lê, om te veg om te volhard.'
- Dit beteken letterlik 'poging wat daarop gemik is om 'n sekere doel te bereik'.
  - Dit is die godsdienstige verantwoordelikheid van Moslems om die voortbestaan van hul godsdiens te verseker.
  - Dit sluit ook verdedigende militêre aksies in om hul godsdiens en die Moslem lewe te beskerm.
  - Dit word ook as 'n Heilige Oorlog beskou. (4)

**[50]**

**VRAAG 3****3.1 MENSEREGTE**

- Menseregte, in die konteks van godsdien, verwys na die waardigheid van 'n mens.
- Dit beteken ook dat die bestaan van 'n mens hom of haar hoë waarde op aarde gee.
- Hierdie konsep is gefundeer op die oortuiging dat alle mense na die beeld van God geskape is.

(4)

**3.2 DIE SKENDING VAN IEMAND SE MENSEREGTE**

- Jy kan verhoor en tronk toe gestuur word.
- Jy kan 'n boete opgelê word.
- Jy kan jou werk verloor as gevolg van jou dade.
- Jou lewe en dié van jou familie mag in gevaar wees omdat mense dalk wraak kan neem.

(4)

**3.3 MENSEREGTE IN RELIGIE-LERINGE****CHRISTENDOM (Voorbeeld 1)**

- Die Christendom berus baie sterk op die Tien Gebooie wanneer dit kom by die rigtinggewing van sy aanhangers se lewensstyl.
- 'Jy mag nie doodmaak nie' is een van daardie gebooie met 'n sterk neiging na menseregte.
- Hierdie gebod verklaar basies dat almal op lewe geregtig is.

**JUDAÏSME (Voorbeeld 2)**

- In hierdie Joodse godsdien is almal geregtig op dieselfde regte sonder onderskeiding / diskriminasie.
- Jode glo dat 'mense goed gebore is'.
- Elke persoon het 'n heilige vonk, 'n goddelike siel met onbeperkte potensiaal vir goed.
- Hulle verdien dus om met waardigheid en respek behandel te word.

**BAHÁ'I GELOOF (Voorbeeld 3)**

- Die Bahá'i-geloof ontmoedig alle vorme van godsdienstige, politieke, ekonomiese en patriotiese vooroordele.
- Volgens die Bahá'i-geloof sal die mensdom nie die sukses en voorspoed kan behaal wat dit in staat is totdat vroue as gelyk aan mans behandel word nie.
- Mense word in hierdie geloof as gelyk beskou.

**ISLAM (Voorbeeld 4)**

- Die Islamitiese godsdien moedig mense se reg op privaatheid aan.
- 'n Persoon mag nie sonder toestemming 'n vreemdeling se huishouding betree nie.
- As daar drie keer geen reaksie is nadat die persoon drie keer gevra het, moet die besoeker gaan (hadith).

**LET WEL:** Voorbeelde van leringe anders as die in dié nasienriglyn moet aanvaar word, indien dit die menseregte ter sprake beklemtoon. Die godsdienstige leringe moet aan menseregte gekoppel kan word.

(12)

**3.4 3.4.1 MITE**

- Die woord 'mite' kom van die woord 'mythos' wat 'woord' of 'fabel' beteken.
- Dit verwys na daardie godsdienstige stories waarin diep waarhede oor die skepping, lewe en die dood openbaar word.
- In die alledaagse gebruik, beteken die term iets wat nie waar is nie.
- 'n Mite probeer nie noodwendig 'n morele punt oordra nie.
- Tog vorm dit die basis vir leringe en selfs dogma in sommige godsdienste.
- Mites is heilige stories wat verduidelik waarom die wêreld is soos dit is en die aard van menslike lewenservarings.
- Daar is skeppingsmites in verskeie godsdienste, bv. in die Zoeloe-oortuiging, word 'n jong man uit die hemel na die aarde laat sak, terwyl hy aan sy naelstring vas is.

**LET WEL:** Ander relevante voorbeelde moet gekrediteer word. VIER punte word toegeken vir die verduideliking, terwyl TWEE punte vir relevante voorbeelde gegee word. (6)

**3.4.2 DOKTRINE**

- Doktrine verwys meesal na die rol van intellektuele in godsdienstige gemeenskappe in terme van die stigting en organisering van godsdienstige oortuigings in samehangende patrone.
- 'n Stel godsdienstige leringe/beginsels of geloofsoortuigings.
- Dit lei tot argumente en onderhandelings soos doktrines gebou word in verhouding met filosofiese wêreldbeskouings.
- Doktrines word gereeld bevraagteken.
- Byvoorbeeld, vroeë Christelike doktrines het ontwikkel in verhouding tot die Griekse filosofieë van hul tyd.
- Die doktrine van Christus as beide mens en God het ontwikkel in lyn met die Griekse begrip van natuur en wese.

**LET WEL:** Ander relevante voorbeelde moet gekrediteer word. VIER punte moet toegeken word vir verduidelikings en TWEE punte vir 'n relevante voorbeeld. (6)

**3.5 3.5.1 DOGMA**

- Het 'n tweeledige betekenis wat relevant is in die konteks van godsdiens.
- Hierdie konsep verwys na die beginsels of sisteme wat deur die godsdienstige outoriteit van 'n godsdiens neergelê is.
- Dogma het ook die omskakeling in betekenis wat deur die godsdienstige outoriteit bepaal word.
- Dogma het 'n element van kollektiewe outoriteit.
- Dogma word voorgestel deur die kollektiewe godsdienstige outoriteit soos dit ontvang is deur goddelike openbaring.
- Daar is geen afsnypunt tussen lering en dogma nie. (4)



### 3.5.2 DIE VERHOUDING TUSSEN LERING EN OORTUIGING

#### LERING

- Om sistematiese informasie te voorsien in verband met 'n onderwerp.
- Dit is baie belangrik in sommige godsdienste, maar minder belangrik in ander, terwyl daar andere is waar dit van weinig belang is.
- Godsdienste wat lering ernstig opneem, beklemtoon duidelike, rasonale en sistematiese denkwyses.

#### OORTUIGING

- Word soms ook gebruik as 'n sinoniem vir geloof.
- Dit mag die aanvaarding van iets, 'n feit, 'n stelling, ens. beteken.
- Dit beteken ook 'n besliste opinie.
- Dit mag ook vertrouwe en selfvertroue beteken. (3 + 3) (6)

### 3.5.3 DIE ROL VAN GELYKENISSE IN GODSDIENSTIGE LERINGE

- Die woord verwys na 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
- Dit is gewoonlik 'n baie kort storie en bevat 'n definitiewe morele storie of les.
- Dit bevat godsdienstige oortuigings, idees, morele waardes en waarskuwings.
- Dit word geplaas binne 'n kultuur en sosiale gemeenskap van die mense wat dit geproduseer het.

(8)  
[50]

**VRAAG 4****4.1 4.1.1 EFFEKTIWITEIT VAN DIE WÊRLDPARLEMENT VAN GODSDIENSTE****JA**

- Die Wêreldparlement van Godsdienste is tot 'n sekere mate doeltreffend aangesien daar meer konferensies is wat lei tot begrip en samewerking oor verskillende kwessies.
- In 'n parlamentsitting wat in Kaapstad gehou is (1999), is indringend noodsaaklike kwessies, onder meer MIV en Vigs, bespreek.
- Hierdie konferensie het tot baie opvoedkundige aktiwiteite in godsdienste gelei om te poog om die verspreiding van hierdie pandemie te bekamp.
- Die sitting van die parlement in Barcelona, Spanje, het op geweld, veiligheidskwessies en die eliminasië van eksterne skuld in ontwikkelende lande gefokus.
- Geweld in meeste van die lande het afgeneem en die groter magte het meer toegewend en godsdienstig geword. Konflik is gevolglik minder.
- In 2007 was die fokus op die eliminering van armoede.
- 'n Verskeidenheid geloofsorganisasies het 'n verskeidenheid aktiwiteite ingestel om armes te help, soos sokkombuise.
- In 2009 het die parlement in Melbourne in Australië byeengekom om kwessies soos volhoubaarheid en globale klimaatsverandering te bespreek.
- Dit het omgewingsbewustheid by baie mense van verskillende godsdienste ingeskerp.

**NEE**

- Die Wêreldparlement van Godsdienste het nie daarin geslaag om samewerking en begrip te verseker nie, aangesien die godsdienste dit steeds moeilik vind om saam te werk.
- Besluite word geneem, maar nie geïmplementeer nie.
- Regerings is nie gebind tot besluite wat deur die Wêreldparlement van Godsdienste geneem word nie.
- Alhoewel die parlement in 1999 in Kaapstad gehou is, waar besluite deur verskillende godsdienste geneem is, vererger die MIV-en-Vigs-pandemie.
- Daar is 'n hoë koers van tienerswangerskappe wat beteken dat die verskillende godsdienste nie doeltreffend na die jeug uitreik ten opsigte van lewensvaardighede wat sal verseker dat jong mense beide geestelik en sosiaal, seksuele gedrag ingesluit, bemagtig word nie.
- Daar is steeds geweld in baie dele van die land en oor die hele Afrika. Godsdienste slaag definitief nie met betrekking tot hierdie aspek nie.
- Daar is 'n hoë graad van armoede in ons land en in baie Afrikalande. Terwyl godsdiensgroepe probeer om teen armoede te veg, verarm meer en meer mense as gevolg van 'n tekort aan werksgeleenthede.
- Godsdienste moet met ander organisasies saamwerk, bv. die regering, nieregeringsorganisasies en ander agentskappe.

**LET WEL:** Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)

- 4.1.2
- Die Wêreldkonferensie oor Godsdienste vir Vrede het in Kioto, Japan in Oktober 1970 ontmoet.
  - Dit is in 1961 gestig toe 'n handvol senior leiers van die wêreld se geloofstradisies die idee ondersoek het om 'n godsdienstige byeenkoms te reël om vrede te behaal.
  - Die visie van die Wêreld Konferensie vir Godsdienste vir Vrede het in die 19de eeu ontstaan toe die Wêreldparlement van Godsdienste in Chicago in 1893 gehou is.
  - Godsdiensteleiers het twee konferensies in die VSA gehou.
  - Die resoluëie is in Kioto aanvaar om 'n inter-religieuse organisasie te stig.
  - Die laaste konferensie in Kaapstad in 1999 het ongeveer 7000 mense getrek.
  - Mediasie tussen groepe wat met mekaar oorlog voer in lande soos Sierra Leone is gedoen.
  - Hulp met die heropbou is ook aangebied.
  - 'n Program is ontwikkel om kinders in Afrika met MIV en Vigs te help.
  - Het ook 'n program om armoede en siektes aan te spreek.

(12)

#### 4.1.3 JA

- Hulle kan hul verskille ter syde stel en meewerk om met die regering saam te werk.
- Hulle kan ook saam werk om deel te neem aan die oprigting van 'n regverdige en vrye samelewing in Suid-Afrika en die wêreld.
- Die nasie het godsdienstige groepe nodig om te help met die vestiging van 'n samelewing wat moreel en barmhartig is.
- Baie politieke leiers glo en vertrou dat godsdienste 'n belangrike rol het om te speel in die oplossing van sosiale uitdagings, soos armoede, geweld en xenofobie.
- Suid-Afrika is uniek omdat godsdienstige organisasies saamgewerk het om die apartheidsregering omver te gooi.
- Dit is slegs op hierdie manier wat die godsdienstige groepe 'n betekenisvolle bydrae tot die genesing van 'n samelewing kan maak.
- Godsdienstige groepe kan ook bydra tot die bevordering van godsdienste in opvoeding en dus godsdienstige verdraagsaamheid bevorder.

#### NEE

- Die toename in die beheptheid met die selfsugtige najaag van individuele rykdom kan nie die basis vir enige inter-religieuse samewerking vorm nie.
- Verskillende godsdienste het hul leringe wat hul volgelinge lei ten opsigte van morele kwessies en om konflik te vermy.
- Die meeste van die konflikte is politieke.
- As godsdienste nie by die regering geregistreer is nie, word dit nie erken nie.
- Politieke partye doen meer werk as godsdienstige groepe omdat hulle in die meerderheid in die parlement is.
- Godsdienstige groepe neem eers hul verskille in ag voordat hulle aan nasionale kwessies aandag gee.
- Godsdienste het 'n geneigdheid om hulle van politieke kwessies te distansieer deur, byvoorbeeld, nie te gaan stem nie.

(10)

#### 4.2 ORGANISASIE (PROCMURA)

- 'Die Program for Christian-Muslim Relations in Africa' (PROCMURA).
- Dit is die oudste en die pioniers inter-religieuse organisasie in Afrika.
- Die fokus is op Christen-verhoudinge met Moslems.
- Om getuienis van die evangelie te lewer binne 'n inter-religieuse omgewing.
- Om konstruktiewe samewerking vir vrede met Moslems te bevorder.
- Om inter-religieuse konsultasies te hou.

(12)

#### 4.3 INTERDENOMINASIONEEL en INTERRELIGIEUS

- Interdenominasioneel – gemeenskap binne verskillende denominasies van dieselfde godsdiens.
- Interreligieus – gemeenskap binne die verskillende godsdienste ongeag hulle oortuigings.

(4)

**[50]**

**VRAAG 5****5.1 VERHOOGDE DEKKING VAN GODSDIENSTIGE KWESSIES**

- Die media floreer op sensasie.
- Negatiwiteit, skandale sowel as misdaad, is dinge wat goed verkoop.
- Dus is daar aansporing vir professionele mense in die media om berigte rondom hierdie temas te organiseer.
- Die kompetisie tussen mediahuise is groot.
- Die ontmaskering van meer en meer valse pastore deur mense wat slagoffers was van hul gewetenlose taktiek, het tot grootskaalse toename in die dekking van godsdienstige kwessies gelei.

(8)

**5.2 DIE MISBRUIK VAN MENSE SE OORTUIGINGS**

- Geestelike misbruik – 'n Persoon in 'n dominante posisie kan Bybelverse of godsdienstige reëls gebruik om mense te beheer. Byvoorbeeld, 'n priester of pastoor wat die Bybel gebruik om 'n vrou te intimideer wie se man haar mishandel, wil verlaat.
- Finansiële misbruik – Hier word die Bybel of die belofte van seëninge gebruik om mense sover te kry om groot donasies te gee.
- Vrouemishandeling – Hier word die Bybel gebruik om vroue te domineer.
- Die gebruik van godsdienstige oortuigings en forums deur politici gedurende verkiesingsveldtogte.
- Beloftes dat gemeentelêde of navolgers hemel toe sal gaan indien hulle die godsdienstige leier of organisasie verryk.
- Sommige predikers gee selfs voor dat hulle met God praat op hul selfone terwyl hulle preek.
- Bejaarde mense wat 'n regeringstoelae kry, is maklike teikens vir hierdie mense.
- Die misbruik van die armstes van die armes en kinders is algemeen.

(10)

- 5.3
- Godsdienstige leiers moet mekaar monitor.
  - 'n Forum kan gevorm word waar hulle mekaar kan reguleer, om te bepaal of almal in hul godsdienste doen wat reg en aanvaarbaar is of nie.
  - Dit kan ook gebruik word om te bepaal of dit wat gedoen word deur die godsdienstige sektor, volgens aanvaarde doktrines is of nie.
  - Hierdie organisasie moet die konstitusionele reg van vryheid van assosiasie beskerm en bevorder.
  - Vryheid van godsdienste moet nie gebruik word as 'n verskoning om mense uit te buit of skade te berokken nie.
  - Daar is verskeie organisasies wat in hierdie verband kan help, insluitende die CLR (the South African Council for the Protection and Promotion of Religious Rights and Freedom).

**LET WEL:** Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word.

(10)

#### 5.4 VERHOUDING TUSSEN MEDIA EN GODSDIENSTE

- Godsdienste moet kennis opbou oor hoe om die media en die beperkings te gebruik.
- Godsdienste moet proaktief wees en hul standpunte aan die media verduidelik.
- Godsdienste moet ook verstaan dat hulle 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap het.
- Godsdienstige organisasies moet hul volgelinge leer hoe om die media te hanteer.
- Godsdienstige organisasies moet mediakenners vir advies nooi.
- Die media moet kennis neem en die verskillende godsdienste verstaan voordat hulle oor godsdienstige kwessies verslag gee.
- Die media het 'n verantwoordelikheid om informasie op 'n onbevooroordeelde wyse oor te dra.
- Aangesien artikels deur individue met persoonlike opinies geskryf word, is dit belangrik om te onthou dat hierdie opinies die lesers m.b.t. belangrike kwessies beïnvloed.
- Die media moet versigtig wees om nie uitlatings en stellings te maak wat as veroordelend teenoor enige godsdienstige kwessies gesien kan word nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

(10)

#### 5.5 REGULERING VAN GODSDIENS

##### JA

- Volgens die Konstitusie het die regering 'n verantwoordelikheid om die landsburgers te beskerm.
- Dit sluit lede van godsdienstige organisasies in.
- Met al die slegte berigte wat sekere Christelike leiers gegenereer het, het dit belangrik kom word dat godsdienste gereguleer word.
- Mense is sterk aangemoedig / gedwing om geloofsprodukte wat deur valse pastore voorsien is, in plaas van regte medisyne te gebruik.
- Dit het daartoe gelei dat mense hul noodsaaklike kroniese medikasie laat vaar het, insluitende ARV's.
- Die dood van aanbidders wat geloofsprodukte gebruik het en aan gevaarlike situasies blootgestel is, het gewys dat hierdie voorvalle aan die toeneem is.
- Die regering moet slegs ingryp indien die wet oortree is.
- Bv. enige vorme van diskriminasie, die verhindering van vryheid van assosiasie, ens.
- Mense mag nie toegelaat word om misdade te pleeg en dan weg te kruip agter die vryheid van godsdiens nie.

**NEE**

- Die konstitusie waarborg godsdienstvryheid.
- Mense moet vryheid van geloof hê sonder inmenging van die Staat.
- Godsdienste moet die vryheid hê om te kan preek en leer sonder straf.
- Doktrines word beskerm deur die Konstitusie.
- Godsdienstige organisasies glo dat hulle bestaan deur God geïnspireer is.
- Om hierdie rede het hulle nie nodig om deur mense gereguleer te word nie.
- Oorregulering kan lei tot verset teen die staat.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (12)  
[50]

**TOTAAL AFDELING B: 100**  
**GROOTTOTAAL: 150**